

CMATHS/SEMAS Bethlehem presteer by Vrystaatkompeticie



Die groep leerlinge van Bethlehem wat aan die Vrystaat Kompetisie vir Abakus Wiskunde deelgeneem het is

Voor: Janes Pieterse C, Amoné Meyer C, Heiken Venter C, Nathan Otto C, Nolan Orsmond CC, Linique Human C, Mpini Mokoena C

Agter: Johann Viljoen CC, Sulaimaan Mitha C, Christon Kriel C, Ruan Pretorius C, Jané de Villiers CC, Markus de Villiers C, Petri van der Merwe C, Marisca Stander C

Inlas: Jakolen Punt C, Wian Fourie CC,



Die groep leerlinge is van die 2014 PAMA oefengroep.

Voor : Amoné Meyer, Ruan Pretorius, Jacques van der Merwe, Jané de Villiers,

Agter: Christon Kriel, Janes Pieterse, Marisca Stander, Elizma Theron, Petri van der Merwe en Markus de Villiers.

Wiskunde slimkoppe tussen die ouderdom van 3 en 13 jaar het op 6 September 2014 aan die Vrystaat Streekkompetisie vir Abakus-wiskunde deelgeneem. CMATHS Bethlehem is deur leerlinge van verskeie skole verteenwoordig, onder ander Laerskool Jordania, Truida Kestell, Graanveld, Clocolaan, Petrus Steyn asook Reitz . .Die top 3% van die dag se deelnemers het Champion of Champions (CC) trofees ontvang en die daarop volgende 7% het Champion (C) trofees ontvang. Bethlehem spog met en 4 Champion of Champions en 13 Champions trofees.

Streekkompetisies vind reg oor Suid-Afrika plaas en hier kwalifiseer die room van Suid-Afrika se abakus- en hoofrekeneslimkoppe vir die Nasionale- en Internasionale Pan Pacific Abacus and Mental Arithmetic Association (PAMA) oefengroep vir 2015. Die wenners word elke jaar uitgenooi om oorsee te gaan meeding teen die wêreld se toppresteerders by die Internasionale PAMA byeenkoms. Vanjaar is Suid-Afrika die gasheer vir hierdie gesogte kompetisie en dit vind op 30 Desember 2014 te Sandton plaas.

Die groepie PAMA leerders van Bethlehem het 'n baie suksesvolle fondsinsamelingsgeleentheid gehad en 'n aand met Elizma Theron gereël om sodoende te help betaal aan hul uitgawes vir die Internasionale kompetisie.

Soroban is 'n Japanese woord vir abakus (telraam). Kinders leer om die abakus visueel in hul denke voor die stel sodat dit 'n rekenaar word wat hulle vir ewig in hul geheue kan hou.

Vir meer inligting besoek die CMATHS webwerf by www.cmaths.co.za